



Inhoudsopgawe



Laaste Kwaliteitsnuusbrieff

Ons was bevoorreg om deel te kon wees van die geskiedenis van die Noordwes-Universiteit – deur die samesmelting in 2004 en die herstrukturering van 2016-2017. Ons het baie positiewe verwickelinge gadeslaan in die afgelope 10 jaar, en was self ook deel van heelparty veranderings. Deur dit alles heen het Kwaliteit helder en duidelik geskyn, alhoewel daar in ons vakgebied altyd ruimte gevind word vir verbetering.

Eensyds is ons **hartseer** om u in te lig dat hierdie ons laaste nuusbrieff sal wees; andersyds is ons **opgewonde** om aan te kondig dat hierdie laaste uitgawe 'n nuwe fase by Kwaliteitsbevordering inlui.

Ons sal u ingelig hou, en in die komende weke sal ons nuwe maniere verken om 'n kwaliteitsbewustheid by die NWU te kweek.

Ons het toegang tot baie opwindende kommunikasieplatforms en ons sien uit om ons stem te laat hoor in Eish!, op Facebook, @NWU, BUAtv, Alumni-nuus, en ander multimedia-benaderings!

Ons sê vir u vaarwel – tot weersiens!

Johan Erasmus
Kwaliteitskoördineerder



Farewell...



Quality@NWU – 'n geleentheid om terugvoer te gee

Sedert die totstandbrenging van die NWU is daar al verskeie kwaliteitsevaluering, hersienings en oudits van akademiese programme, navorsingsentiteite, en verskeie ondersteuningsdepartemente onderneem. Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se nuutste Raamwerk vir die Akkreditasie en Herakkreditasie van Programme, wat in Februarie 2018 uitgestuur is na universiteite, het aangedui dat, “as deel van ’n kapasiteitsontwikkelingsinisiatief sal die RHO werksinkels aanbied en met instansies in gesprek tree oor die ontwikkeling en implementering van hul interne programhersieningssiklusse as deel van hul interne kwaliteitsbestuurstelsels”.

Die NWU het ’n goedgekeurde Kwaliteitsbeleid waarvoor toelating gegee word deur middel van ’n gedokumenteerde verduideliking van die NWU se Kwaliteitsbestuurstelsel (QMS@NWU). Al die riglyne, protokol, prosesse en kriteria – om maar ’n paar te noem – is gedokumenteer as deel van die Kwaliteitsbevorderingskantoor se Kwaliteitshandleiding. Hierdie dokumente is beskikbaar op die personeelintranetblad van die Kwaliteitsbevorderingskantoor. Al hierdie dokumente vorm die kwaliteitshandleiding vir Kwaliteitsbevordering, en is tans onder hersiening/ontwikkeling. Klein veranderinkies, met inbegrip van veranderings aan die proses, word gemaak om doeltreffendheid te verbeter.

U is welkom om die Kwaliteitsbeleid en QMS@NWU te lees en konstruktiewe terugvoer te gee in die belang van die

verbeteringsproses. Hou altyd in gedagte dat hierdie stelsel bedoel is om die bereiking van die Universiteit se strategiese doelwitte te ondersteun en om die kwaliteit van die Universiteit se bedrywighede en resultate te verseker.

Die QMS@NWU ondersteun die Universiteit se administrasie en ontwikkeling in die rigting van sy droom (visie) en doel. U sal sien dat “kwaliteitsbestuur” ingesluit is in die daaglikse aktiwiteite van die Universiteit met die onderliggende idee van voortdurende verbetering of uitbouing in ooreenstemming met die “Plan – Do – Check – Act”-siklus. Die QMS@NWU omvat die kernbesigheidsfunksies en alle ondersteuningsdepartemente van die Universiteit.

Elke NWU-personeelid het kwaliteitsbestuursverantwoordelikhede volgens sy/haar rol en onderskeie prestasieooreenkomste.

Lees asseblief die:

- [Quality Policy](#)
- [QMS@NWU](#)

U is welkom om skriftelike terugvoer via e-pos te verskaf aan jannie.jacobsz@nwu.ac.za voor of op 21 Mei 2018.

Jannie Jacobsz
Direkteur: Kwaliteitsbevordering



Kwaliteit

gebéur nie sommer maar net nie

John Ruskin (1819-1900), vooraanstaande Engelse kunskritikus van die Victoriaanse era, tekenaar, prominente sosiale denker en filantroop, het 'n keer gesê: “Kwaliteit is nooit 'n ongeluk nie. Dit is altyd die resultaat van intelligente inspanning.”

Globalisering, maatskaplike geregtigheid en aanspreeklikheid is gonswoorde in die hoërondwyssektor van ons tyd en stel groot eise aan finansiële en intellektuele kapitaal. Beplanning en kwaliteit is onontbeerlik vir die optimale funksionering van universiteite binne hierdie veeleisende omgewing.

Die doel van geïntegreerde beplanning is om die NWU se visie, handelsmerkbelofte, doelwit en droom, waardes, strategiese markrigtings, mense, en infrastruktuur saam te snoer deur 'n dinamiese siklus van beplanning, evaluering, besluitneming en optrede.

Geïntegreerde beplanning behoort te berus op geïntegreerde denke en duidelike verslagdoening, wat moet help om die Universiteit in 'n bepaalde rigting te stuur soos wat dit oor verloop van tyd ontwikkel. Geïntegreerde denke sal uiteindelik lei tot geïntegreerde besluitneming en implementeringsplanne. Geïntegreerde verslagdoening moet getuig van die volle waardeketting van hulpbronbenutting en ook die verband verduidelik tussen die strategie, besluitneming, en vordering wat gemaak is in die bereiking van die doelwitte van die NWU.

Die doel van die kwaliteitsbevorderingskantoor, as deel van geïntegreerde beplanning, is om seker te maak dat kwaliteitsversekeringstandaarde gespesifiseer word, bereikbaar is en volhoubaar is. Dit behels 'n voortdurende siklus van standaarde stel vir sleutelaktiwiteite, beoordeling van prestasies aan die hand van standaarde, beplanning vir verbetering, en optrede om die gewenste veranderinge te implementeer.

John Lasseter, hoof kreatiewe beampte by Pixar, het gesê: “Kwaliteit is die beste besigheidsplan.” Daarom is ons jaarlikse prestasieplan gegrondves op kwaliteit. Ons jaarlikse doelwitte word bepaal deur die identifisering van areas van institusionele prestasie wat van kritieke belang is vir die bereiking van ons missie. Dit:

- is verwant aan nasionale prioriteite vir die sektor/kluster;
- is realisties en bereikbaar;
- is geskryf in 'n verklaring van voorneme wat Spesifiek, Meetbaar, Bereikbaar, Relevant en Tydgebonde is, en;
- maak gebruik van die NWU se hulpbronne, byvoorbeeld finansiële, vervaardigde, intellektuele, menslike, maatskaplike, interaktiewe, en natuurlike hulpbronne.

Soos wat die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se raamwerk vir die akkreditasie en herakkreditasie van programme dit duidelik stel: “Die primêre verantwoordelikheid vir programkwaliteit berus by hoërondwysinstansies self. Instansies moet poog om doeltreffende meganismes daar te stel en te handhaaf om die aanbod van hoëgehalteprogramme te verbeter, wat betroubare inligting oplewer vir interne programverwante beplanning en selfevaluering, eksterne evaluering en openbare verslagdoening.

Mag al ons prosesse altyd gegrondves wees op die versekering dat kwaliteitsbevordering altyd op die agenda is.

Vriendelike groete

Prof Linda du Plessis

Adjunk-visekanselier: Geïntegreerde

Beplanning en Vanderbijlparkkampus Bedryf



Nasionale hersiening van doktorsgrade op pad deur die Raad op Hoër Onderwys

Ná die herstrukturering en met die oog op die komende nasionale hersiening van doktorsgrade deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO) het die Senaat op 14 Maart 2018 goedkeuring verleen vir die onmiddellike belyning van alle toepaslike prosesse, prosedures en algemene praktyke binne alle fakulteite regoor die NWU.

Dit is gedoen om enige moontlike inkonsekwentheid oor fakulteite en/of kampusse heen te minimaliseer of te beperk.

Inkonsekwentheid het dikwels tot gevolg dat hersieningspanele besluit dat “kwaliteit” inkonsekwent is, en kan aanleiding gee tot bevindinge soos kennisgewings van terugtrekking van akkreditasie. Die verlies van akkreditasie vir doktorsgrade kwalifikasies is 'n baie ernstige aangeleentheid en kan uiteindelik die voortbestaan van 'n instansie in die gedrang bring.

U mag dalk wonder – hoekom 'n hersiening?

Deur uitvoering te gee aan sy mandaat van mensekapitaalontwikkeling het die Nasionale Navorsingstigting (NNS) verskeie befondsingsinstrumente wat die aanbod van doktorsgrade by universiteite ondersteun. Wanneer hierdie beleggings gemaak word, benodig die NNS egter die versekering dat doktorsgrade kwalifikasies wat by Suid-Afrikaanse openbare universiteite aangebied word wel aan nasionale kwaliteitstandaarde voldoen.

Die NNS het voorgestel dat die RHO 'n hersiening van doktorsgrade studies in Suid-Afrika onderneem. Die gedagte was dat, alhoewel daar 'n behoefte is om die getal doktorsgraadkandidate en graduandi landswyd te verhoog, die klem primêr geplaas behoort te word op kwaliteitsversekering op hierdie vlak van nagraadse studie.

Die gehalte van doktorsgrade kwalifikasies is van kritieke belang – nie net vir die NNS en die RHO nie, maar ook vir die publiek, die instansies wat doktorsgrade programme aanbied, en hul studente. Kwaliteit is bepalend vir 'n aantal belangrike faktore soos internasionale vergelykbaarheid, mededingendheid en mobiliteit; sowel as die voorbereiding van toekomstige navorsers en hul potensiële navorsingsuitset. Voorts het dit ook 'n effek op die nasionale kapasiteit om deur middel van navorsing toepaslik en innoverend te reageer op die vele eise van globalisering, lokalisering en transformasie.

'n Nasionale standaard vir die doktorsgrade kwalifikasie sal deur hoëronderwysinstansies gebruik word om te help vorm gee aan hul aflewering en kwaliteitsversekering van doktorsgrade programme, en deur studente en die publiek as 'n maatstaf waaraan elke program geëvalueer kan word.

Die kantoor van die Adjunk-visekanselier vir Navorsing en Innovasie sal die proses intern dryf. Sodra die RHO die finale standaarde, kriteria en gepaardgaande prosesse bekendgemaak het, sal dit aan alle belanghebbendes gekommunikeer word, met inbegrip van direkteurs van navorsingsentiteite, adjunkdekane wat verantwoordelik is vir navorsing, en dekane. Die RHO sal waarskynlik ook geleentheid gee vir kommentaar.

Jannie Jacobsz
*Direkteur: Kwaliteits-
bevordering*





Werkswinkels

vir ondersteuningsdepartemente in 2018

Ná die onlangse herstrukturering van die NWU is opleiding en kapasiteitsontwikkeling baie belangrik ten einde 'n gladde oorgang te verseker na 'n doeltreffende en effektiewe nuwe organisasiestruktuur wat aan alle gestelde vereistes voldoen.

Toe 'n behoefte onder ondersteuningsdepartemente geïdentifiseer is vir hulp met die implementering van die geherstruktureerde werksomgewing het die Kwaliteitsbevorderingskantoor (KBK) met die idee van interaktiewe werksinkels vorendag gekom om hierdie departemente te bemagtig om ten volle funksioneel en operasioneel te word binne die geherstruktureerde omgewing.



GP van Rheede van Oudtshoorn



Corneels Schabort

Hierdie werksinkels sal gefasiliteer word deur twee bekende en uiters bevoegde fasiliteerders: mnr GP van Rheede van Oudtshoorn van die Departement Bemaking en Studentewerwing, en mnr Corneels Schabort van die Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese.

Tydens hierdie werksinkels wat oor twee tot vier opeenvolgende dae sal strek, sal ondersteuningsdepartemente van regoor die NWU leiding ontvang met betrekking tot die belyning van hul droom, doel, strategie, doelwitte, prosesse, ens. met dié van die NWU. Een van verskeie voorgestelde uitkomstes sal ook wees om 'n omvattende, belynde kwaliteitshandleiding vir elke departement te dokumenteer.

Die werksinkelprogramme kan ook insluit, indien nodig, insette van verteenwoordigers van tersaaklike NWU-departemente, byvoorbeeld Organisasie-ontwikkeling, Regsdienste, en Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste, om personeellede van sowel konteks as kapasiteit te voorsien met betrekking tot spesifieke kwessies.

Werkswinkelmateriaal en verversings sal voorsien word.

Personeellede van die Vanderbijlpark- en Mafikengkampus wat hierdie werksinkels bywoon, sal by die Sports Village geakkommodeer word, met die KBK wat die kostes sal dra.

'n Persoon sal ook beskikbaar gestel word om die verrigtinge te notuleer, en departementshoofde en lynbestuurders sal binne 10 werksdae na afloop van die werksinkel 'n opsomming vanaf die KBK ontvang. Indien nodig, sal opvolgintervensies van stapel gestuur word.

Na afloop van die werksinkel sal elke ondersteuningsdepartement drie maande tyd hê om die eerste konsep van sy belynde kwaliteitshandleiding in te dien by die KBK se kwaliteitsbestuurder vir ondersteuningsdepartemente vir insette en/of terugvoer. Wees verseker dat die KBK deurlopende bystand sal verskaf totdat 'n departement se finale kwaliteitshandleiding op die NWU-intranet gepubliseer is.

Die volgende ondersteuningsdepartemente beplan om vanjaar hul werksinkels te hê.

- Sentrum vir Onderrig en Leer
- Loopbaansentrum
- Hoërgrade Administrasie
- Mense en Kultuur

Johanna Müller
Kwaliteitsbestuurder: Ondersteuningsdepartemente



6e INDABA skitter!

Hierdie jaarlikse geleentheid vir alle ondersteuningspersoneel van die NWU het op 1 Desember 2017 plaasgevind en spog met die beste bywoning ooit.

Personeel van al drie kampusse het aan interaktiewe werksinkelsessies, met gespreksgeleenthede en verskeie aktiwiteite deelgeneem.

Die sprekers/fasiliteerders was die gewilde en talentvolle GP van Rheede van Oudtshoorn van die departement Bemaking en Studentewerwing en Corneels Schabort van die Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese. Die INDABA-gangers het behoorlik aan hulle lippe gehang en baie perspektief en motivering uit elke werksessie geput.

Hierdie samekoms is, soos die vorige vyf Indabas, gekenmerk deur 'n positiewe

gesindheid en welwillendheid onder NWU-personeel. Almal het die geleentheid gehad om hul eweknieë op die ander kampusse te leer ken – veral met die oog op goeie samewerking volgens die nuutbelynde NWU-struktuur.

Die algemene tema “Superondersteuning” het onderwerpe soos “'n Droom vir ondersteuning”, “Wat is in 'n naam?” en “Om verwagtinge te oortref” ingehou.

Dit was darem nie net werk nie – almal het heerlik gesmul aan die smaaklike eet- en drinkgoed.

Hiermee 'n paar foto's van deelnemers en aktiwiteite tydens die Indaba 2017.

Johanna Müller
Kwaliteitsbestuurder: Ondersteuningsdepartemente

